

22 September

Skrifgedeelte: Romeine 4:1-15

Fokusgedeelte: Romeine 4:2,3

God se goeie nuus en die gelowige se geloof

Paulus maak onder leiding van die Heilige Gees doodseker dat God se kind die goeie nuus van die evangelie verstaan. Dit is nuus van vryspraak vir tot-die-dood-toe-skuldige mense. Hierdie wonderlike goeie nuus is so totaal anders as die goeie boodskappe wat soms die wêreld ingedra word. Dit hou volkome vryspraak in vir elkeen wat waarlik glo – terwyl dit in werklikheid nuus van die doodstraf moet wees.

Om die goeie nuus vir menseleuens 'n werklikheid te maak, gebruik Paulus Abraham as voorbeeld. Abraham was elke Jood se stamvader en volksheld. Vir die Jood van die Nuwe-Testamentiese tyd was Abraham die modelvoorbeeld van vroomheid. Eintlik was hy vir hulle 'n sondelose mens en iemand wat God se geboorte volkome nagekom het. Abraham is inderdaad in Jes 41:8 'n vriend van God genoem.

Abraham was 'n mens wat God spreekwoordelik in die oë kon kyk. Sy lewe het van goeie werke getuig en het min swakhede vertoon. Abraham was so anders. Met Abraham, die sogenaamde volmaakte, het God egter nie anders gehandel as met elkeen van sy tot-die-dood-toe-onvolmaakte kinders nie. Die werklikheid van God se goeie nuus is dat selfs Abraham nie vrygespreek is omdat hy goeie werke gedoen het nie, maar omdat hy in God geglo het. Dit sê Paulus nie om jou wat minderwaardig voel, beter te laat voel as jy van Abraham hoor nie. Inteendeel, met die begenadigde Abraham, die een mens wat beslis op grond van sy daade vrygespreek kon word – selfs met hom was dit anders. In Gen 15:6 staan: “Abraham het in God geglo, en daarom het God hom vrygespreek.” Hierdie vers is ook vers 3 van Romeine 4.

Selfs Abraham is vrygespreek omdat God se genade die kern van sy lewe was en nie sy vroomheid nie. Jy mag moed skep – jy wat niks het om op te roem nie en as sukkelaar en worstelaar jou lewenspad vind. Roem jy in die goedheid van 'n genadige God, die Vader van Jesus Christus? Die goeie nuus is dat jy vrygespreek word omdat jy mag hoor: Jou geloof het jou gered! Beter nuus is onmoontlik.

Sing: Psalm 32:1,6

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)